


## Waar is jy?

Hierdie vraag behoort baie gedagtes in jou hart te laat opkom en jy behoort glad nie te rus voordat jy nie 'n bevredigende antwoord op hierdie vraag kan gee nie. Kyk dit vierkantig in die oë: Die uur kom wanneer alle ander vrae soos 'n druppel water in vergelyking met hierdie vraag sal wees. Niemand sal dan vra: "Waar is my geld?" Of: "Waar is my landerye?" Of: "Waar is my eiendom?" Jou enigste gedagte sal wees: "My sondes! My sondes! Waar is my sondes?"

Ek behandel hierdie vraag aan die hand van die volgende opmerkings: (1) Jy het baie sondes. (2) Dit is noodsaaklik dat jou sondes afgewas word. (3) Jy kan jou sondes nie afwas nie. (4) Die bloed van Jesus Christus kan jou van al jou sondes reinig. (5) Geloof is absoluut noodsaaklik en ook al wat nodig is om jou soeke na die reinigende bloed van Christus, te laat ontbrand.

**Jy het baie sondes**

Ek weet nie wie jy is of wat jy in die verlede gedoen het nie, maar die Woord van God leer dat elke seun en dogter van Adam in God se oë 'n groot sondaar is. Daar is geen uitsondering nie: Ons is almal van nature skuldig in God se oë: *Want ons almal struikel dikwels* (Jak. 3:2a); ... *Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie* (Rom. 3:10); *… want almal het gesondig ...* (Rom. 3:23); *As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie* (1 Joh. 1:8.).

As jy die waarheid van hierdie woorde betwyfel, lees hoe die wet van God deur sy eie Seun in Matthéüs 5 verduidelik word. God se gebooie is van toepassing op ons woorde, ons gedrag, ons gedagtes, ons motiewe, ons spraak. *Want nie wat die méns sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan* (1 Sam. 16:7b).

Kyk na die geskiedenis van jou lewe: Toets dit aan hierdie heilige wet; oordink dit goed. Jy sal noodwendig moet erken: Ek hét gesondig! Kyk ook na die geskiedenis van jou hart: duisende sondige verbeeldingsvlugte en verdorwe idees, verwerplike gedagtes, bedrieglike voornemens en vals motiewe. Jy sal noodwendig moet erken: Ek hét gesondig!

Twyfel jy of jy werklik só baie gesondig het? Die slotgedeelte in Matthéüs 25 beskryf die gebeure van die oordeelsdag. Daar word mense tot die hel veroordeel vir wat

hulle nié gedoen het nie (sondes van versuim). As jy alles wat die Here oor die sondes van versuim leer, ter harte neem, sal jy noodwendig moet erken: Ek hét gesondig!

Twyfel jy steeds aan die waarheid van my woorde? Neem pen en papier en tel die sondes wat jy gepleeg het bymekaar. As jy elke dag gemiddeld vyftien uur wakker is en elke uur twee keer sondig, beteken dit dat jy elke dag dertig keer sondig. Vir 'n week werk dit op tweehonderd-en-tien keer en vir 'n maand, op agthonderd-en-veertig keer uit. Dit beteken meer as tienduisend sondes per jaar en oor die honderdduisend sondes per dekade. Tog moet ons erken dat ons soms baie meer as net twee keer 'n uur sondig.

O, mag God jou oë oopmaak en jou presies wys wat jy werklik is! Die mens wil sy toestand voor die aangesig van God nie insien nie, maar die Heilige Gees maak dit duidelik: ons is blind, doof, stom, dwaas en dood! Niks, niks, niks behalwe die krag van die Gees sal die mens ooit van sonde kan oortuig nie. Hy moet neerdaal om jou werklik te laat verstaan wie jy is; om jou oë oop te maak. As jy enige begrip van jou eie sondes het, dank God daarvoor. Die eerste stap ter voorbereiding van die hemel is die besef dat ons niks anders as die hel verdien nie. Voordat ons kan juig oor ons vaste hoop, moet ons sê: ... *Onrein, onrein!* (Lev. 13:45) ... *o God, wees my, sondaar, genadig!* (Lk. 18:13). Welgeluksalig is daardie man of vrou wat sê: "Dit is waar: Ek het baie sondes."

**Dit is noodsaaklik dat jou sondes afgewas word**

In hierdie wêreld is daar baie goed wat as "belangrik" beskou word en waaraan mense baie aandag spandeer. Maar God se sake behoort eerste gestel te word. Die Bybel leer dat daar vir 'n mens niks so belangrik is as om van sy sondes vergewe en daarvan skoongewas te word nie.

Daar is ’n God van oneindige heiligheid wat alles wat jy doen vanuit die hemel aanskou. Hy kan dit wat boos en verkeerd is, nie verdra nie. Alles wat jy dink, sê en doen word neergeskryf en in sy boek van herinnering aangeteken. Hy is 'n God van oneindige mag wat alles volgens sy wil reël – ons lewens en ons sake is in sy hande. Hy gee aan ons lewe, neem dit wanneer Hy dit nodig ag en vergeld ons dan volgens ons werke. Wanneer jy hierdie dinge oordink, sal jy besef hoe nodig dit is dat jou sondes afgewas moet word. Dan sal jy sekerlik vra: "Hoe staan sake tussen my en God?"

Omdat jy nie vir altyd gaan leef nie, moet jy vra: “Waar is my sondes? Is my sake in orde as ek nou sterf?” Onthou, die opstanding en oordeel wag op jou. Alles eindig nie wanneer jy jou laaste asem uitblaas en jou liggaam tot stof terugkeer nie. Dan begin die realiteit van jou ewige voortbestaan. Eendag sal die groot wit troon opgestel en die boeke oopgemaak word. Elkeen sal in daardie groot hof aangekla en volgens sy werke beoordeel word. Elkeen sal verantwoording van al sy sondes moet doen; elkeen sal sy ewige deel in die hemel of in die hel ontvang. Jy moet goed hieroor nadink: "Hoe gaan ék beoordeel word?" Vergifnis en die afwassing van jou sondes moet jou hoogste prioriteit wees.

Godsdiens wil ons met God versoen sodat ons vrede met Hom kan hê. Die grondslag van ware Christenskap is om te weet dat jy baie sondes het, dat jy die hel verdien en dat jy van hierdie sondes gereinig moet word om die hemel te kan beërwe. *Welgeluksalig*, sê die Woord van God, *is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie ...* (Ps. 32:1b-2).

**Jy kan jou sondes nie afwas nie**

Die mens se skuld voor God is baie groot. Die gevaar van die hel is daarom onafwendbaar en verskriklik. En tog kan die mens hom nie self van sy sondes reinig nie, soos daar geskryf staan: *... aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie ...* (Rom. 3:20).

Berou oor jou sondes sal dit nie afwas nie. Jy kan oor jou goddelose verlede treur en jouself in sak en as verootmoedig. Jy kan lang trane stort en jou skuld erken. Jy kan en jy moet! Maar jy sal daardeur nie jou skuld voor God se aangesig kan uitdelg nie. Dit verg iets meer as berou om dié las van jou hart af te haal.

Om jou lewe te verbeter sal ook nie jou vorige oortredings uitwis nie. Jy kan in al jou uiterlike gedrag 'n nuwe mens word. Jy kan en jy moet! Sonder só 'n verandering is geen siel al ooit gered nie. Maar jy sal daardeur nie een deeltjie van jou skuld in God se oë uitdelg nie. Hervorming bewerk geen versoening vir sonde nie.

Ywerige beoefening van godsdienstige seremonies en rituele gaan jou sondes ook nie afwas nie. Jy kan die manier hoe jy gewoonlik jou Sondae spandeer, verander. Jy kan eredienste van soggens tot saans bywoon. Jy kan moeite doen om in die week én op Sondae na preke te luister. Jy kan die nagmaal op elke moontlike geleentheid gebruik. Jy kan aalmoese gee en gereeld vas. Dit is goed en gepas om jou godsdienstige verantwoordelikhede na te kom. Maar dit sal jou nie baat om op hierdie genademiddele staat te maak vir jou verlossing nie. Formaliteite bewerk geen versoening vir sonde nie.

Daar is ook geen ander mens na wie jy kan kyk om jou sondes af te was nie. Wanneer jou gewete verward is, kan jy die bedienaar van die Woord se raad vra. Dit is sy roeping om dié wat vermoeid en belas is, te help en hulle die weg van vrede te wys. Maar geen bedienaar kan enige mens van sy/haar skuld vryspreek nie. Ons kan net die pad wat jy moet volg en die deur waaraan jy moet klop, uitwys. Geen mens op aarde of in die hemel kan die sondelas van 'n broer se siel afneem nie: *Niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie* (Ps. 49:8).

Wees op jou hoede vir godsdienstige kitsoplossings. Boetedoening, hervorming, formaliteite en priestersdiens kan jou nooit vrede met God gee nie. Wie dit voorstel, is onkundig oor twee sake: (1) die lengte en breedte van menslike sonde, en (2) die hoogte en diepte van God se heiligheid.

**Die bloed van Jesus Christus kan jou van al jou sondes reinig**

Daar is 'n almagtige oplossing vir die afskuwelike aard van jou geestelike verdorwenheid – die bloed van Christus. Wanneer jy van "die bloed van Christus" hoor, moet jy goed verstaan wat die uitdrukking beteken.

Dit is daardie lewensbloed wat Jesus vergiet het toe Hy vir sondaars aan die kruis gesterf het. Dit is bloed wat lank gelede met 'n verbond beloof is. Die dag toe sonde in die wêreld gekom het, het God genadiglik belowe dat die saad van die vrou die kop van die slang sal vermorsel (vgl. Gén. 3:15). Een wat uit 'n vrou gebore sou word, sou eendag na vore tree en die kinders van Adam uit Satan se mag bevry.

Daardie saad van die vrou was ons Here Jesus Christus. Toe Jesus sy lewensbloed aan die kruis vergiet het, is die kop van die slang vermorsel en die ou belofte vervul. Christus se bloed het in die oë van God oneindige verdienste en waarde. Dit is bloed van Een wat die Vader se deelgenoot is – waaragtige God uit waaragtige God.

Hierdie bloed het aan Een behoort wat vrywillig ingestem het om die plaasvervanger vir die mensdom se sondes en ongeregtighede te wees. Sy bloed het versoening gebring vir die oortredings van die mens: Dit het die enorme skuld van die mens voor God betaal; dit het die weg tot regverdige versoening tussen 'n sondaar en sy heilige Skepper gebaan; dit het 'n pad vanuit die hemel na die aarde gemaak waarlangs God na die mens kon afdaal om genade te bewys; dit het 'n pad van die aarde na die hemel gemaak waarlangs die mens sonder vrees God kan nader. Sonder hierdie bloed kan daar geen vergifnis van sonde wees nie. Deur hierdie bloed kan God regverdig en tog ook die Regverdigmaker van die goddelose wees. Hierdie bloed is 'n fontein waarin sondaars bad om vir ewig skoon te wees.

Wanneer hierdie wonderlike bloed van Christus op jou gewete toegepas word, sal dit jou van alle sondes reinig: ... *al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol* (Jes. 1:18). Vir hierdie doel is dit bestem; vir hierdie doel is dit vergiet; vir hierdie doel is dit steeds 'n toeganklike fontein vir alle mense om al hul sondes af te was!

Hierdie bloed het al die gestorwe heiliges gereinig wat nou vir die opstanding van die regverdiges wag. Nie een het deur sy eie werke en verdienste tot rus gekom nie; nie een het homself voor God deur sy eie goedheid of sy eie krag skoongewas nie. Hulle het almal ... *oorwin deur die bloed van die Lam ...* (Openb. 12:11). En hul getuienis in die Paradys is duidelik en ondubbelsinnig: … *U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie …* (Openb. 5:9).

Deur hierdie bloed het ons vandag vrede en hoop; het ons die vrymoedigheid om in die allerheiligste in te gaan; word ons geregverdig en naby aan God gebring; word ons gewetens daagliks gereinig en met 'n heilige selfvertroue gevul.

**Geloof is absoluut noodsaaklik en ook al wat nodig is om jou soeke na die reinigende bloed van Christus, te laat ontbrand**

Om kerklidmaat te wees of die sakramente te gebruik, is geen bewys dat jy wel met die bloed van Christus gewas is nie. Duisende mense besoek 'n verskeidenheid aanbiddingsplekke en ontvang die nagmaal uit die hand van Christelike predikers, maar tog is dit duidelik dat hulle nie van hul sondes gereinig is nie. Geloof is 'n absolute noodsaaklikheid as jy die voordeel van Christus se reinigende bloed wil ontvang.

Daar word gesê: *Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof* ... (Rom. 3:25); *Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe ...* (Joh. 3:36); ... *en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie* (Hand. 13:39); *Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus* (Rom. 5:1). Die wysheid van die hele wêreld sal nooit 'n beter antwoord kan gee as wat Paulus aan die angsbevange tronkbewaarder in Filíppi gegee het nie: ... *Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word ...* (Hand. 16:31). "Is jy oortuig van jou sonde?" vra die Evangelie. Sien jy dat jy werklik baie sonde het en die hel verdien? Het jy afgesien van enige ambisie om deur eie krag van jou sonde gereinig te wees? Dán is die Evangelie vir jou 'n troos. Kyk na die soenoffer van Christus! Vertrou slegs daarop en jy sal ten volle vergewe word: Glo en ontvang; glo en word gereinig!

Reddende geloof is nie 'n dooie, geïsoleerde stuk genade nie. Dit word altyd deur berou en persoonlike heiligheid vergesel. Geloof is wanneer 'n hart vol berou die uitgestrekte hand van 'n almagtige Verlosser vasgryp. Verstaan dat geloof nie gee nie, maar vat; nie betaal nie, maar ontvang; nie koop nie, maar verryk. Dit is die oog wat na die koperslang kyk en bloot deur die kykaksie, die lewe ontvang. Glo só en jou sonde word onmiddellik skoongewas! Sonder geloof het Christus, sover dit jou aangaan, sy bloed tevergeefs vergiet.

God is nie almal se geestelike Vader nie. Daardie voorreg behoort slegs aan hulle wat deur die geloof in Christus sy kinders is. Die versoeningsbloed van die Seun van God is die heerlike tentoonstelling van God se liefde vir sondaars. Die sondaar wat gered wil word, moet persoonlike omgang met Hom wat daardie bloed vergiet het, hê. Deur persoonlike geloof moet die sondaar daarin gewas word. Sonder hierdie geloof is daar geen redding nie.

Volgens die Bybel is daar net twee plekke waar jou sondes kan wees: óf op jouself (onvergewe, wat jou daagliks nader aan die hel bring), óf op Christus (vergewe, uitgewis en deur Christus se kosbare bloed afgewas). Indien jy die vraag: "Waar is jou sondes?" nie bevredigend kan antwoord nie, sê ek vir jou: "Kom na Christus en word dadelik in sy bloed gereinig." Jy dink dat sulke nuus te goed is om waar te wees, want Satan fluister in jou oor: "Jy is te sleg en te boos om gered te word." Moenie aan sulke twyfel toegee nie; Satan was nog altyd 'n leuenaar. Duisende so sleg soos jy het Christus ontvang. Hulle is skoongewas en vergewe. Hy verander nooit nie. Kom met al jou sondes na Christus en werp hulle op Hom. Hy sal dit dra; Hy sal dit afwas; Hy sal dit vergewe. Glo en word gered!

**'n Vermaning**

Aan almal wat deur die Gees gelei is om die gevolge van hul sondes te voel en na die hoop wat in die Evangelie is, te vlug; wat weet dat hulle skuldige sondaars is; wat in die bloed van Christus gewas is om van hul sondes gereinig te word: "Hou vas aan Christus."

> Hou vas ... en vergeet nooit wat jy aan Hom verskuldig is nie. Van die dag van jou bekering tot by jou sterfbed is jy 'n sondaar. Jy het geen rede om in jouself te roem nie.
>
> Hou vas ... en maak elke dag van sy versoeningsbloed gebruik. Gaan elke môre na Hom, gaan elke aand na Hom en pleit opnuut om vergifnis.
> Hou vas ... en wys die wêreld hoe lief jy Hom het: deur jou gehoorsaamheid aan sy gebooie; deur na sy beeld verander te word; deur sy voorbeeld na te volg. Laat die hele wêreld sien dat hy wat baie vergewe is, ook die een is wat baie liefhet en dat hy wat die meeste liefhet, die een is wat die meeste vir Christus doen (vgl. Lk. 7:47).
>
> Hou vas ... en fokus op die versoening wat deur sy bloed aan die kruis bewerk is. Stry ernstig vir die ou geloof aangaande sy versoeningswerk en bely dat jy al jou troos uit die versoeningsbloed van Christus en sy plaasvervangende lyding vir jou sondes aan die kruis, put.

Ek beveel hierdie dinge by jou aan. Indien jy dit nooit vantevore geken het nie, mag jy binnekort daarmee bekend raak! Indien jy dit in die verlede geken het, mag jy dit in die toekoms nog beter leer ken! Ons kan nooit die regte antwoord op hierdie belangrike vraag genoeg ken nie: "Waar is jou sondes?"

**Skrifverwysings:**
**Job 13:23; Psalm 51:3; 1 Johannes 1:7; Romeine 3:25**